BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Hartsvrae: DIE HUWELIK

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Bestudeer Prediker 4:9-12 en bespreek wat dit beteken in die huwelik.**

**Wanneer ons sê dat God die huwelik in gestel het, wat moet Sy rol in die huwelik wees? Hoe lyk dit prakties tussen man en vrou? Bestudeer Efesiërs 5:21 en Prediker 4:11 (AMP).**

**Watter impak het my persoonlik verhouding met Jesus op my vermoë om die verantwoordelikhede as man en vrou in die huwelik uit te leef? Verduidelik**

**Wat is die verantwoordelikhede in die huwelik vir man en vrou? Bestudeer Efesiërs 5:22-33; 1 Petrus 3:1-7 (Lees in afrikaanse en Engelse vertaling waar moontlik)**

**Les – Selfs Jesus het Sy lewe neer gelê om gesonde verhouding met ons te kan hê, dus is dit die vereiste om 'n gesonde vriendskap te hê. Wat dink jy oor die?**

____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________

**Watter invloed het vergifnis op liefde in die huwelik tussen man en vrou? Bestudeer Efesiërs 4:31-32; Kolossense 3:12-15 en 1 Korintiërs 13:4-7**

____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________

**Wat is dit wat jy vir jou huweliksmaat voor moet vergewe?**

____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________

**Jesus gee sy volgeling 'n nuwe opdrag: Hê mekaar lief soos Ek julle lief het (Johannes 13:34-35). Bestudeer Spreuke 3:1-4 en bespreek hoe man en vrou opnuut weer mekaar kan lief hê soos Jesus ons beveel het.**

____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________

**Wat is een ding wat man en vrou van hier af vorentoe, anders gaan doen sodat die huwelik beter en meer gesond en meer inlyn met God se plan vir hul huwelik is?**

____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________

## Gebed en Omgee

> *Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**